# *WATERDOOP*

. . . en alles wat ons doen moet gebaseer wees op die Skrif. [Leë kol op band—Red.] " . . . katolieke kerk," het hy gesê dat: "met jou opregtheid?"

"Wel," ek het gesê: "ek is 'n katoliek."

Gesê: "Ja?"

2 "Wel," ek het gesê: "nou, volgens die leer van die Katolieke kerk, dat 'Jesus Christus die Katolieke kerk gestig het, en die apostels Sy eerste priesters was, en Petrus die eerste pous was.' Dis volgens die leer van die Katolieke kerk, en dat 'Hierdie Bybel geskryf is deur die vroeë Katolieke kerk, wel, en die Katolieke kerk dan mag het om enigiets te verander wat hulle wil, omdat hulle die kerk is.'"

3 En ek het gesê: "Van die eerste dae af, dat, julle almal dit verander het. Julle het onderdompeling met besprinkeling en oorgooi vervang. Julle het die Heilige Gees met heilige nagmaal vervang." En ek het gesê: "Ek is net een van die outydse katolieke wat by die oorspronklike Geloof bly, daardie standpunt." Ek het gesê: "Die vreemde ding is, dat Petrus, as die eerste pous, gesê het: 'Daar is geen ander middelaar tussen God en die mens, behalwe daardie Man, Jesus Christus nie.' En vandag het julle almal Maria en Sint Cecilia, en honderde vroue wat gesterf het, ensovoorts, as middelaars. Daar het iets gebeur tussen die eerste pous en hierdie pous, sien, as dit nie verander of afwyk nie."

4 Ek het gesê: "Dan weer, wat doen jy met Sint Paulus, wat die groot heilige van die vroeë katolieke Kerk was, wat gesê het: 'As 'n Engel uit die Hemel enige ander evangelie verkondig as hierdie wat reeds verkondig is, laat hom vervloek wees'?" En ek het gesê: "Wat van Jesus Christus Wat die katolieke Kerk gestig het, gesê het: 'As enigiemand enige Woord uit hierdie Bybel sal uithaal, of enigiets Daarby sou voeg, dieselfde sou weggeneem word, sy deel, uit die Boek van die Lewe'?"

5 Daarom moet alles wat ons doen, volgens my opinie, as 'n Bybelgelowige, op die Skrif gebaseer wees. Alle openbarings, alle visioene, alles, moet net gebaseer wees op die Skrif, want Dis die basis waarop ons rus as SO SPREEK DIE HERE.

6 In die Skrifte, vind ons nie waar hulle ooit besprinkel of oorgegooi het, of klein kindertjies op daardie manier toegewy het nie. Maar in die Skrif, vind ons dat hulle kindertjies na Jesus toe gebring het, dat Hy hulle kon seën. En Hy het hulle in Sy arms opgetel en gesê: "Laat die kindertjies na My toe kom, en verhinder hulle nie, want aan hulle behoort die koninkryk van die Hemel." En Hy het die klein kindertjies geseën. En dis al

Skrif wat daaroor geskryf is. Dis hoe ons probeer voortgaan. Nou as die . . .

7 Soos in die Metodiste kerk, en die Nasareense kerk, en baie ander kerke wat die ki- . . . Ek dink nie die Nasareense kerk doen dit nie. Die Metodiste kerk doen dit, en baie van die ander of die Evangelistiese denkers, wat wel klein kindertjies doop deur hulle te besprinkel.

8 Nou, dis alles reg, enige vorm waarin julle hulle wil toewy, maar net sodat julle sien dat ons nie water op hulle sit nie. Ons lê net hande op hulle, om die voorbeeld van ons Heer te probeer volg. En dis hoe ons wil hê die moeders moet dit verstaan, waarom ons nie water op hulle sprinkel nie, want ons het nie enige Skrif daarvoor nie. Ons het nie Skrif om water op volwassenes of kinders te sprinkel nie.

9 So, die kind is te jonk om gedoop te word. En doop is die uiterlike uitdrukking dat ’n innerlike genadewerk gedoen is. En die kind kan nie uitdrukking daaraan gee nie, want daar was nog geen innerlike genadewerk nie, julle sien, want dis net ’n babatjie.

Dis die ouers wat die babatjie bring na God toe Wat vir hulle die kind gegee het, om dit aan Hom terug te gee in toewyding. So, dis hoe ons dit hier gebruik.

10 Nou gaan hulle ’n paar kleintjies bring vir toewyding. Ek gaan vir die suster vra of sy vir ons net ’n akkoordjie op die klavier kan gee, van *Bring Hulle In*, Ek glo, Suster Gertie of wie ook al die jong dame hier is.

En so, terwyl net voor ons dit doen, kom ons bid vir die moeders en die mense wat hulle geliefdes bring.

11 O Heer, ons is waarlik bevoorregte mense, om in ’n land te woon waar ons steeds ’n vryheid het om te aanbid, dat waar ons die regering het wat ons beskerm en ons hierdie God-gegewe erfenis gee; dat ons nie hoef te gaan volgens ’n staatskerk of een of ander soort diktator nie, maar dat ons na U toe kan kom op die manier waarvan ons in ons hart oortuig is. Ons bid dat hierdie lank sal aanhou, tot Jesus kom, as dit so sal wees in U voorsiende weg.

12 En nou bring baie van die mense hulle klein kindertjies, dag na dag, en week na week, soos U hulle in die arms en sorg van hulle vader en moeder gee. Hulle bring hulle, Here, na ons toe, as ouderlinge hier by die kerk. En ons, deur gebed, offer hulle aan U. Ek bid, God, dat U elkeen van hierdie skatjies sal neem, vanmôre, en hulle lewens sal toewy aan U. Seën die huise waaruit hulle kom. Mag hulle vader en moeder so toegewyd wees aan U, dat die kinders grootgemaak sal word in Christenhuise, om U al die dae van hulle lewens te dien. Reinig ons vanmôre, Here, soos hulle hierdie onskuldige lammetjies bring, die einste bloeisel van hulle hart. Maar hulle wil hê hulle moet Ewige Lewe hê, en hulle

vra vir U, O God, om hulle te beskerm en hulle te bewaar, en hulle te lei tot hulle oud genoeg is dat ons met hulle kan praat en hulle kan oortuig om die Here Jesus te aanvaar en Ewige Lewe te hê. Ons doen dit tot die eer van God, volgens Sy Woord, in die Naam van Sy Seun, die Here Jesus. Amen.

13 Nou terwyl die moeders bring, en vaders, hulle kleintjies hiernatoe bring vir toewyding, sal die suster speel. Bring net die outjies en staan net hier langs die altaar, langs hierdie kleintjies wat alreeds toegwy is. Goed.

14 Net na hierdie diens sal die doopdiens wees. En terwyl hulle hulle bring, mag ek aankondig, maak seker om nou julle geliefdes hier te hê, vanmiddag om ses, tussen ses en ses-dertig sal hulle die gebedskaartjies uitgee. En die dienste sal begin, reken ek, om sewe, om sewe-dertig.

15 Goed, meneer. Kom net baie naby met die kleintjies, as julle sal. Ek sien moeders wat hulle kamera uithaal hier. Julle weet hoe moeders dink aan hulle kleintjies.

Hoeveel is lief vir klein kindertjies? O, goeiste! Ek het altyd hierdie kleintjies hoor sing, *Jesus Is Lief Vir Die Klein Kindertjies Van Die Wêreld.*

16 Is jy Suster Grimsley? [Suster Grimsley sê: "Ja. Ja, hierdie is my klein kleinkindjie."—Red.] Jou kleinkindjie. Ek weet nie of Meda al by die kerk ingekom het, of nie. Ons het in 'n koerant gelees, 'n tyd gelede, en sy het my gebel en vir my vertel dat 'n Suster Grimsley gesterf het hier in die stad. En ons was verbaas. En toe, toe ek huis toe gekom het en kerk toe gegaan het daardie Sondag, hier het jy in die kerk gesit. En ek het gesê: "Wel, sy is die lewendigste dooie vrou wat ek al ooit gesien het." So dit moes 'n ander suster gewees het, Mev. Grimsley. ["Dis reg."] Ja, mevrou.

17 Nou wil ek vir Broer Neville en sommige van die ouderlinge vra of hulle nou sal vorentoe kom, en hier staan in toewyding. As. . . Sommige van julle predikerbroers daar, as ouderlinge, kom reguit vorentoe, broers, en broer.

18 Nou, elkeen van julle moeders en vaders, en grootouers, offer nou aan God hierdie kosbare juweeltjies wat God vir julle gegee het, vir toewyding, deur hulle aan God toe te wy wat hulle vir julle gegee het. Mag Sy genade en barmhartigheid altyd met julle wees, is my gebed.

19 Is Broer Collins naby? Of, broer, of. . . [Broer Neville sê: "Ek sien vir Broer Collins."—Red.] Laat hom vorentoe kom as hy sal, hier vir hierdie diens, as. . . Hy is een van ons hulppastore hier, van die kerk, en ons wil hom graag hier hê by die gebed, by ons, indien moontlik.

20 Nou, julle weet, partymaal. . . Hierdie outjies, hulle het nooit hierdie geoefen nie, so hulle is net oorspronklik. En partymaal

skree en huil hulle, maar dit maak hulle net goeie babatjies, nie waar nie? So, ons steur ons nie daaraan nie. So as hulle huil of enigiets, onthou, dit pla ons glad nie. Ek kan my voorstel party van die kleintjies wat na die Here Jesus toe gebring is, het ook maar soort van 'n bietjie gehuil, julle weet, want dis maar altyd so. Die kleintjies, mens ontstel hulle as hulle rondbeweeg word, en party het hier in die warm vertrek gesit. So, ons steur ons nie daaraan nie. Goed.

Ons sal vorentoe kom.

21 En wat is die naam nou? [Sister Grimsley sê: "Etienne Renee Bennett."—Red.] Tina Renee Bennett. Klein Tina Renee Bennett, die ouma bring dit vir toewyding. Dis beslis 'n skattige ou babatjie.

Laat ons bid.

22 Here, hulle bring na U dienskneg se hande hierdie klein skattige babatjie oor wie ons bid, om aan U toe te wy. God, seën hierdie kindjie, en mag dit lewe en U aanbid. Seën die ouers en die grootouers. En, Here, as daar 'n môre is, mag dit 'n groot dienaar van U wees. Skenk dit, Here, soos ons dit aan U toewy. In Jesus' Naam, ontvang dit. Amen. Die Here seën jou, suster.

Klein Cynthia Lee Cannard, nog 'n skattige klein bondeltjie . . . Goeiste, sy is nogal 'n patroontjie. Sy 'n skat? Laat ons bid.

23 Here, ons bring hierdie kleintjie na U toe, en soos dit uit die geliefdes se arms na myne oorgeplaas word in 'n heilige toewyding, en inseëning aan God . . . Die kleintjie is te jonk om te weet, maar die geliefdes het dit gebring. Laat dit lewe, Here, en sterk en gesond wees haar hele lewe lank. Seën die ouers, die grootouers, en al die geliefdes. Mag, in Heerlikheid, hulle almal vergader wees daardie dag wanneer ons U ontmoet. Hou dit gesond en gelukkig. Ons gee dit vir U in toewyding deur gebed, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

Die Here seën julle.

24 Is hierdie joune? Wat is hierdie groot kêrel? Carl Christian Stall, klein Carl Christian Stall. Dis die kleinseun van ons Broer McDowell. So hy's 'n mooi seun. Ek bid dat as daar 'n môre is, hy 'n prediker van die Evangelie sal wees. Laat ons ons hoof buig.

25 Here, soos hierdie oupa hierdie bondeltjie liefde in my arms geplaas het, bid ek U, Here God, dat U hierdie kindjie in U sorg sal neem, en dit sal laat lewe, en groei, en sterk, en gesond laat word. Mag, as daar 'n môre kom, mag dit die Evangelie preek, waarin ons glo wat hom vanmôre toewy. Mag sy lewetjie ryklik geseën word. Seën die ouers, die grootouers, en die grootjies. Ons bid dat U seëninge daarop sal rus. Want ons wy nou, deur die toewydingsgebed hierdie babatjie toe aan U, O Heer, in die Naam van Jesus Christus, U Seun. Amen.

26 ’n Baie liefdevolle klein. . . Jammer, jy die moeder? Veels geluk aan jou. Wat ’n mooi. . . ?. . . Wat is haar naam? Sheryl Ann Baldwin. Jy die moeder? Wel, dis gaaf. Shirley, jy’s ’n gawe dogtertjie. Klein Shirley Ann Baldwin. Nou, sy’s net ’n bietjie skaam; jy kan dit sien. Ek neem aan haar moeder was ook. . . ?. . . Ek het hulle net pas ontmoet ek—ek weet dat dis. . . Ons gaan net goed klaarkom soos hierdie. . . O, sy’s ’n klein, gawe klein dogtertjie, glo ek. Sy’s ’n skat. Kom ons bid.

27 Here, ons bring hierdie kindjie na U toe. Haar vingertjie in haar mond, O God, dit weet nie eers wat die gedagte van sonde is nie. En ek bid, God, dat U haar lewetjie sal seën en dit ryk en uitstekend sal maak. Seën haar jong moeder hier, haar vader, haar grootouers, en al haar geliefdes. En soos ons dit vir U gee in plegtige toewyding van gebed, mag U haar laat lewe, en groei, en sterk, en gesond wees, en ’n voorbeeld wees in haar dae van jong vroulikheid om die Here Jesus te dien. Skenk dit, Here. Ek glo dis sulke kindertjies soos waarop U U hande gelê en geseën het. Ons vra dit tot die eer van God, soos ons haar toewy, en haar inseën, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

Nou, ek dink jy’s ’n liewe dogtertjie, skaam, maar liefdevol. God seën jou. Veels geluk met ’n mooi baba.

28 Nou, miskien ’n lang tyd gelede, kon ek ’n klein dogtertjie soos hierdie opgetel het. Wat’s jou naam? [Die suster sê: “Sharon Diane Bayle.”—Red.] Ek. . . Familie van die ander een? Uh-huh. Bayle, baie naby. Ek wil hê julle almal moet hierdie klein dogtertjie sien, want sy’s ’n baie liewe dingetjie. Ek sal haar net ’n bietjie moet oplig. ’n Baie mooi klein dogtertjie. . . Ek dink dis kleintjies soos hierdie waarop Jesus Sy hande gelê het. Hoe onwaardig is ons hande nie. Maar as julle soek na waardige hande, sal julle dit nie kry nie. Ons is onwaardig, maar ons maak aanspraak op Sy belofte deur genade. Haar naam weer? Sherry Diane Bayle. Kom ons bid.

29 Here, ons bring hierdie kindjie na U toe, liefdevol, mooi. Ek bid, God, dat U haar lewetjie sal seën. Mag sy lewe om ’n sterk vrou vol genade en krag te wees. Mag sy ’n plek in die groot verlossingsverhaal hê om iets vir die Koninkryk van God te doen. Seën haar jong moeder, die vader, die grootouers, en al haar geliefdes. En as jy lewe vir haar. . . tot haar dag is, mag sy ’n werker vir U wees. Nou, gee ons haar vir U deur toewyding vir inseëning, deur gebed, in die Naam van Jesus Christus. Amen. Seën jou, liefling, ’n mooi dogtertjie, ’n gawe een.

30 Gaan hy ook ’n prediker wees? Goed. En wat’s sy naam? John Michael Daulton. Nou, jy weet ek het ’n cowboytjie daaragter net omtrent jou grootte, klein John Michael. Wel, dis gaaf. Sy vader hier is ’n prediker, ek glo dis reg. Was jy nie ’n Baptiste prediker nie? Lekelidmaat van die Baptiste kerk. Dis reg. Kom ons bid.

31 Here, ons bring hierdie outjie na U toe. Ek weet nie wat ek in my arms hou nie. Die moeder het ook nie geweet toe hy gebore is, en sy klein handjies haar gesig gestreel het, of van die pa wat sy bors geswel het om te weet hy het 'n seun gehad nie. God, ek bid dat hierdie kind sal wees tot die eer en verheerliking van Jesus Christus. Ons bring hom nou na U toe in toewyding deur gebed vir inseëning, dat U sy klein lewetjie sal gebruik tot U eer. Want ons wy hom toe aan U, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

Seën jou. 'n Gawe seun . . .

32 Hierdie outjie? O, is hierdie suster Daulton? Robert Anthony. Suster Daulton. Wel, ek is bly om jou te ontmoet, Suster Daulton. Ek het jou man baie goed geken; ek reken ek het jou al gesien. Hierdie is Robert Lee? Wat? Robert Anthony. Goed. O, sê, goeiste! Suidelike mieliepap het *dit* nie aan hom gedoen nie. Hy's 'n gawe seun, mooi kêreltjie. Kom ons bid.

33 Here, ons bring vir U hierdie seuntjie vir toewyding, wat die moeder hom gebring het en die vader. En ons bid dat U sy lewetjie sal toewy, Here, tot U diens. Mag hy lewe en 'n groot man wees, sterk, fisies, geestelik. Skenk dit, Here. En nou, wy ons hom toe aan U, in die Naam van Jesus Christus, God se Seun. Amen.

Veels geluk aan jou vir twee mooi seuns. En ek hoop hulle is albei predikers, as die Here vertoef.

34 Hier's nog 'n seun. Jy kan sien hy's 'n goeie seun, die manier waarop hy sy hare kam. Wat's sy naam? Robert Samuel Bates. Nou, ek weet nie. Hy's nogal swaar. Hmm, goeiste! Robert Samuel Bates, mooi seun. Kom ons bid.

35 Dierbare God, ons bring vir U hierdie seuntjie, en siende dat hy naby die tienerjare is. O, die strikke wat die duiwel vir die kêreltjie gestel het. Omseil hulle, Here. Mag die mannetjie nooit in die weg van ongeregtigheid wandel nie, maar mag die toewydingsgebed vanmôre, en die geloof van die ouers by ons, veroorsaak dat sy lewetjie op Golgota gerig sal word. Skenk, O Heer, dat hy sal lewe en groei, en 'n sterk, goeie man sal word. As dit U wil is, laat hom môre die Evangelie verkondig, as daar 'n môre is. Ons wy hom nou toe aan U, in die Naam van Jesus Christus U Seun. Amen. God seën jou.

36 Dit broer en suster? Wel, dis baie goed. Aangename kennis? Nou, hier is ook 'n gawe seun. Wat is sy naam? Sidney, Simminer, Sumner. Dwight Sumner. Daar was eenmaal 'n groot prediker met die naam van Dwight. Huh? 'n Groot prediker. Wie weet wat sy naam was? Dwight Moody. Dis reg. Nie geleerd nie, 'n klein skoenmakertjie, maar het 'n miljoen siele na Jesus toe gestuur. Mag klein Dwight dieselfde doen. (Hier is hy.) O, hy's 'n gawe seun, mooi outjie, lyk soos 'n prediker. Kom ons buig ons hoofde.

37 Here, ons bring hierdie seuntjie na U toe, uit die geliefdes se arms oorgedra na ons s'n. En in oortuiging en geloof in die Bybel, en in die Christus van die Bybel, wy ons hierdie seuntjie

toe aan U, dat sy lewe gebruik sal word tot die eer van God. Seën sy huis, sy ouers, sy geliefdes, en mag hy lewe en sterk wees. En as dit U wil is, maak van hom 'n prediker vir môre, as daar 'n môre sal wees. Maar in ons gebede, in opregtheid, met toegewyde gebede vir hom, offer ons hom aan U, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

God seën jou. Jy's 'n gawe seun. Dankie, broers.

O, ek weet nie, daar is iets omtrent daardie outjies, wat jou net baie goed laat voel. Julle weet, ons het . . .

38 Ek het 'n klein meisietjie hier. Sy's skaam, sy het net toe afgesak. Ek noem haar "Koekie." Sy's van onder in Georgia, waar ek onlangs 'n vakansie gaan hou het by haar pa, om te gaan visvang. En waarom ek haar Koekie genoem het; na haar ma omtrent twee of drie hele T-been biefstukke gebraai het vir my toe ek huis toe gekom het, en ek geëet het tot ek net nie meer kon nie, daardie goeie Suidelike kookkuns; kom sy met 'n handvol koekies. Ek moes hulle ook eet. So, ek het haar Koekie genoem. Sy's 'n gawe meisie.

39 Al hierdie kleintjies, is julle almal lief vir die Here? Goeiste, dis goed! Nou en dan, preek ek net vir kindertjies, julle weet. Hoeveel was hier toe ek die storietjie van klein Moses vertel het? Julle weet, daardie bootjie, julle weet, waarin hierdie babatjie weggesteek was. Onthou julle dit? En julle almal het opgekom om die altaar en—en julle lewe aan die Here Jesus toegewy. Nou, vandag vier ons Sy opstanding. Het julle Hom nog lief? Almal van julle wat Hom liefhet, steek julle hande op, julle seuntjies en dogtertjies hier. O, hoe mooi! Dis goed, honderd persent! En ek glo dit, ook, met my hele hart, dat hulle Hom liefhet.

40 Nou kom ons net nou vir die doopdiens; ons weet nooit net hoeveel gedoop moet word nie. Dis deel van die Evangelie. Die opstandingsboodskap was: "Gaan julle in die hele wêreld in, en verkondig die Evangelie aan elke skepsel. Hy wat glo en gedoop word, sal gered word; en hy wat nie glo nie, sal veroordeel word. En vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg," soos dit vanmôre vir ons gelees is, uit Markus 16. Nou gaan ons 'n paar Skrifte lees vir die—die waterdoop.

41 Nou, daar is baie mense, en kerke, wat water op die mense sprinkel. Baie van die kerke glo daarin. En dis hoe, wel, dis in die haak. Baie gooi water oor die mense, gooi dit net oor, tel die water op en gooi dit uit oor hulle kop. Wel, dis—dis alles reg, sien. Dis 'n toewyding. Dis 'n—dis 'n—'n uitdrukking van 'n—van 'n uiterlike uitdrukking dat 'n innerlike genadewerk gedoen is. So, ek het niks daarteen te sê nie, sien.

42 Maar, in die Skrifte, is hulle gedoop deur onderdompeling onder die water. So, daarom, siende dat ek 'n outydse katoliek is, beter ek maar net die manier volg waarop die outydse Kerk dit gedoen het, julle weet, deur onderdompeling, bedekking.

43 Jesus was heeltemal verseël. Hy is onderin die grond ingesit, en 'n groot steen is oor die graf gerol. Begrawe, het Hy ons sonde ver weggedra. Daarom, glo ons dit. Wat ander doen, dis in die haak, ons het geen verskille met hulle nie. Maar, ons self, ons glo daarin om onderdompel te word.

44 En nou doen ons hierdie onderdompeling volgens die vroeë apostoliese Leringe van die Kerk. Sommige van hulle wat onderdompel, nog vandag, het weggekom van die—die begin ritueel van die apostoliese Geloof. In die begin, was die eerste doop wat ooit gedoop is na Pinkster, om gedoop te word in die Naam van "die Here Jesus Christus." En elke doop daarna is, elkeen, gedoop in die Naam van "die Here Jesus Christus."

45 En sommige van die mense, sal ons binne 'n oomblik lees, wat gedoop is deur onderdompeling, deur Johannes die Doper, net tot bekering, nie tot vergewing van sondes nie. En hulle moes kom en weer oorgedoop word, in die Naam van Jesus Christus, om die Heilige Gees te kon ontvang.

46 Nou, vandag, het ons Handelinge, of, Mattheüs 28:19, vervang, waar Jesus Christus Sy Kerk opdrag gegee het: "Gaan julle dan na alle nasies, leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle geleer het; en doop hulle in die Naam van die Vader, Seun, en Heilige Gees." Petrus het hulle, tien dae later, beveel om gedoop te word in die Naam van Jesus Christus. En, niemand, niemand in die Bybel is ooit gedoop in die naam van die "Vader, Seun, en Heilige Gees," nie. Dis nie in die Skrifte nie, niemand was ooit gedoop nie.

47 En dan sou iemand nou sê, sien, dit is verordineer as die Katolieke kerk, die geloof van ons va-. . . , *Feite Van Ons Geloof,* in die Katolieke boek, die feite van Katolieke geloof, sê dat: "die Protestante erken wel ons doop." Die Katolieke bisdom het, in die . . . omtrent die ses-. . . omtrent die veertiende eeu, 'n man gedoop, deur hom te besprinkel, in die naam van "Vader, Seun, Heilige Gees," maar dis nie 'n Skrif daarvoor nie. Die kerk; Wesley het uitgekom, en Luther, met dieselfde ding, van die Katolieke kerk af. Party van hulle het nog steeds die Katolieke kategisme, party het nog steeds die Apostoliese Geloofsbelydenis, ensovoorts, wat uit die Katolieke kerk uitgekom het. Wat, as God 'n Christen van 'n man maak, soos daardie, het ek niks daarteen te sê nie. Julle verstaan, sien.

48 Maar, vir my, ek moet 'n outydse katoliek wees, ek moet bly by wat die vroeë Kerk gedoen het. En ek moet doop volgens die manier wat die vroeë Kerk gedoop het, in die Naam van "die Here Jesus Christus." En nou probeer ons daarby hou.

49 Nou, dat ek hierdie mag sê, in Mattheüs 28:19, het Jesus gesê: "Gaan julle daarom, leer alle nasies, doop hulle in die Naam van die Vader, en van die Seun, en van die Heilige Gees."

50 Wel, nou, een van hulle, Hy het nooit gesê: "in die naam van die Vader, in die naam van die Seun, in die naam van die Heilige Gees," nie. Hy het gesê: "in die Naam," enkelvoud. Groot geleerdes soos Scofield en hulle, en die oorspronklike Grieks, almal, en in die. . .alle vertalings, is dit "in die Naam." Nie "name" of "in die naam van die Vader, in die naam van die Seun," nie. Dis "in die Naam" van Vader, Seun, en Heilige Gees!

51 Wel: "Vader" is nie 'n naam nie, net so min is "Seun" 'n naam, en net so min is "Heilige Gees" 'n naam. Dis titels wat aan een Naam behoort. Sien, daar is een Naam! Dan as. . . Die openbaring wat ons aan julle probeer bring moet sekerlik dieselfde openbaring wees wat die apostels gehad het toe hulle by Hom gestaan, en na Hom geluister het terwyl daardie opdrag gegee is.

Iemand het gesê: "Wel, ek gee nie om wat die apostels gedoen het nie, Jesus het *hierdie* gesê!"

52 As die apostels ongehoorsaam was aan Hom, dan is die Skrifte verkeerd. Jy moet die Skrifte volmaak maak, of hulle is niks. Dis elke Woord reg of niks Daarvan is reg nie. Ek weet nie wat reg sou wees as Dit nie alles reg is nie. As deel Daarvan nie geïnspireerd is nie, dan is die res Daarvan dalk ook nie. Maar daar is geen teenstrydigheid in die Skrifte nie.

53 So as Petrus gesê het: "Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word, in die Naam van Jesus Christus," en almal daarna was gedoop in die Naam van Jesus Christus, en Jesus het gesê: "Gaan, doop in die Naam van Vader, Seun, Heilige Gees," is dit 'n direkte teenstrydigheid, op die oog af; maar dit is nie, as jy net sal weet.

54 Onthou: "Die Skrifte is verberg vir die oë van die wyses en geleerdes." Het julle dit geweet? "En moet geopenbaar word." Die Skrifte weerspreek nie Ditself nie; Dit verklaar net Ditself.

55 Nou, as julle sal terugblaai. As julle 'n storie gelees het, soos as julle gesê het: "John en Mary het vir altyd gelukkig saamgelewe." Soos party van julle, ons is almal skuldig daaraan om stories te lees. En as julle nie geweet het wie John en Mary was nie, was die enigste ding om te doen om terug te blaai na die begin van die boek toe, en deur te lees en uit te vind wie John en Mary was.

56 As Jesus hulle opdrag gegee het om gedoop te word in "die Naam" van die Vader, Seun, Heilige Gees; en Vader is nie 'n naam nie, en Seun is nie 'n naam nie, en Heilige Gees is nie 'n naam nie; beter ons teruggaan en uitvind Wie "Vader, Seun, en Heilige Gees" is, en wat Sy Naam is.

57 So as julle saam met my sal blaai, na die 1ste hoofstuk van Mattheüs, soos wat julle sou met enige Boek. Dit het nou gesê, begin by die geslagsregisters, Dit het gesê:

*Die geboorte van Jesus Christus was dan só: Toe . . . sy moeder Maria verloof was aan Josef, . . .* verloof, met ander woorde.

58 Nou wil ek vir julle wys hoe. Kyk, ons gaan sê *hierdie* is die Seun Jesus, *hierdie* is die Vader, *hierdie* is die Heilige Gees. [Broer Branham wys drie items as illustrasies—Red.] Nou, enigiemand weet, en Jesus het gesê dat God Sy Vader was. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."] Ons moet! Die Vader van Jesus Christus was God. Nou haal ek Skrif aan, Mattheüs 1:18.

*. . . die geboorte van Jesus Christus was dan só: Toe . . . sy moeder Maria verloof was aan Josef, voordat* sy, *hulle saamgekom het, is sy swanger bevind uit die Heilige Gees.*

Watter een van *hierdie* is dan Sy Vader?

*En sy sal 'n* kind *baar, en* hulle sal *Hom JESUS noem: . . .* Let op, sy was . . .

En toe *Josef, haar man, omdat hy regverdig was . . . nie* gewillig *om haar openbaar te maak nie,* het hom *voorgeneem* om privaat *van haar te skei.*

*Maar* toe *hy dit in gedagte gehad het, verskyn daar 'n engel in 'n droom* aan *hom,* en *sê, Josef, seun van Dawid, wees nie bevrees om Maria,* jou vrou, *by jou te neem nie: want wat in haar verwek is, is uit die Heilige Gees.*

59 Wel, hoe kan God Sy Vader wees, as die Heilige Gees Sy Vader is? Hy sou twee vaders gehad het, en watter soort kind sou Hy wees? Daar is nie twee nie. Die Heilige Gees en God is dieselfde ding. Sien?

*En sy sal 'n seun baar, en* hulle sal *Hom JESUS noem: . . .*

*. . . dit het alles gebeur, sodat die woord vervul sou word wat die Here deur die profeet gespreek het,*

*. . . 'n maagd sal* swanger word en 'n *kind* baar, . . . *en* hulle sal Hom I*mmánuel noem, dit is* (wat?) *God met ons.*

60 Nou, *hier* is die Seun. Op die dag van Sy doop in die Jordaan, het Johannes getuig dat hy die Gees van God gesien het, soos 'n duif, wat op Hom kom vertoef het. Jesus het gesê: "Dis nie Ek wat die werke doen nie; dis My Vader wat in My woon."

61 Nou: "Vader, Seun, en Heilige Gees" het een Naam, daardie drie titels, en wat het die Bybel gesê is daardie Naam? [Iemand sê: "Jesus."—Red.] Jesus! So dit moes die openbaring gewees het wat die apostels gehad het, want dis hoe hulle gedoop het. "Vader, Seun, en Heilige Gees" is nie 'n naam nie, nie een van hulle is name nie. Die Naam van die Vader, Seun, Heilige Gees is "die Here Jesus Christus." Dis die Naam van die Vader, Seun, Heilige Gees.

62 Nou sal ek ’n paar Skrifte lees net voor ons doop. Ek wil eerste lees, van die eerste geval van die waterdoop, en dit word gevind in Handelinge die 2de hoofstuk, Petrus op die Dag van Pinkster. Hy het gepreek.

> *En toe hulle dit hoor, is hulle diep in die hart getref, en het vir Petrus en . . . die ander apostels gesê, Wat moet ons doen, broeders?*
>
> *Toe sê Petrus vir hulle, Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot die vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.*
>
> *Want die belofte kom julle toe, en julle kinders,* en almal wat daar *ver is, dié wat die Here onse God na Hom sal roep.*

63 Dan, die volgende keer wat ons waterdoop opgeteken het, is toe Filippus, twee dae daarna, afgegaan het na Samaría. Hulle was Jode, en toe, toe . . . Daar is net drie stamme mense op die aarde, dis Gam, Sem, en Jafet se mense; Jode, Heidene, en (half Jood en Heiden) Samaritane. Toe Filippus afgegaan en vir die Samaritane gepreek het, is hier wat plaasgevind het. Hierdie een Simon, die towenaar, het mense getoor met toorkuns.

> *Maar toe hulle Filippus geglo het, wat die evangelie* met betrekking tot *die koninkryk van God,* in *die Naam van Jesus Christus verkondig het, is hulle gedoop, manne sowel as vroue.*

64 Die volgende keer waar daar van die doop gepraat word, word in Handelinge 10:44 tot 48 gevind, by die huis van Cornelius, die Heiden. Daar is die Jode by Jerusalem, Filippus by Samaría, en hier is Petrus by die Heidene.

> *En toe Petrus nog besig was om hierdie woorde te spreek, het die Heilige Gees op . . . geval wat die woord gehoor het.*
>
> *En die gelowiges uit die besnydenis* (Jood), *almal wat saam met Petrus gekom het, was verbaas, toe . . . die gawe van die Heilige Gees* ook *op die heidene uitgestort is.*
>
> *Want hulle het gehoor hoe hulle in tale spreek en God groot maak. Toe het Petrus begin spreek,*
>
> *Niemand kan tog die water geweier word, nie gedoop word, . . .*
>
> *En hy het beveel dat hulle . . .*
>
> . . . wie *net soos ons die Heilige Gees ontvang het?*
>
> *En hy het beveel dat hulle gedoop moes word in die Naam van die Here.* Sien? Vir hulle gebid . . .

Die volgende keer waar daar van die doop gepraat word, is in Handelinge 19, waar hulle by die dissipels van Johannes gekom het. Hierdie is Paulus, luister nou mooi, Handelinge 19.

> *En terwyl . . . Apollos in Korinthe was, Paulus wat die boonste landstreke van Efése deurgereis het:* vind hy *daar sommige dissipels,*

> En, *hy het vir hulle gevra, . . .*

Nou kyk. Hulle was dissipels. Hulle was gelowiges, Christene.

> *Hy het hulle gevra, Het julle die Heilige Gees ontvang sedert julle gelowig geraak het? En hulle antwoord hom, Ons het nie eers gehoor dat daar 'n Heilige Gees is nie.*

Luister wat hy gevra het. Luister na hierdie essensiële vraag wat hierdie apostel gevra het. Sien?

> *En hy vra hulle, Met watter doop is* julle *dan gedoop? En hulle antwoord* hom, *Met die doop van Johannes.*

65 Nou ek sou my vanmôre voorstel, as iemand, enigeen van ons gedoop is deur dieselfde man wat Jesus Christus gedoop het, dat ons sou dink dat ons doop baie seker sou wees. Sou julle nie so dink nie? Maar hier is Paulus, wat sê dit is nie. In dieselfde watergat, deur dieselfde man wat ons Here gedoop het, veroordeel Paulus nou daardie doop omdat dit nie in die Naam van Jesus Christus was nie. Luister nou.

> *En hy vra . . . Met watter doop is julle dan gedoop? . . .*

Nou as julle dit in die Grieks wil opsoek, het dit gesê: "*Hoe* is julle gedoop?" Sien?

> *. . . En hulle het* hom *geantwoord, Met die doop van Johannes.*

> *Daarop sê Paulus, Johannes het* me-*. . . bekering gedoop, en aan die volk gesê, dat hulle moes glo in die Een* wat moes kom, *dit is, in Christus Jesus.*

Let op, hierdie selfde groep is in die Jordaan gedoop, saam met Jesus Christus.

> *Toe hulle dit hoor, is hulle* oorgedoop, *in die Naam van die Here Jesus* Christus.

> *. . . Paulus het hulle die hande* opgelê, *en die Heilige Gees het op hulle gekom; en hulle het met tale gespreek, en geprofeteer.*

66 Nou, hierdie selfde Paulus sê hier, in die Boek van Galásiërs. Dit is hoekom ek daarby bly. Galásiërs, die 1ste hoofstuk en die 8ste vers. Luister. Ek gaan begin by die—by die 6de vers. Gepraat met die Galásiërs.

*Ek verwonder my dat julle* so gou *afvallig* is *van hom wat julle* na *die genade van Christus geroep het, na 'n ander evangelie toe:*

*Terwyl daar geen ander is nie; behalwe dat daar sommige mense is wat julle in die war bring, en . . . die evangelie van Christus* verhoed.

*Maar al sou ons, of 'n engel uit die hemel,* (dit sou wees priester, pous, prediker, of wat dit ook al mag wees) . . . *al sou ons, of 'n engel uit die hemel, julle 'n evangelie verkondig in stryd met dié wat ons aan julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees.*

En *soos . . .* En *soos ons vantevore gesê het*, ook sê ek nou *weer, As iemand julle 'n evangelie verkondig in stryd met die* wat julle *ontvang het, laat hom 'n vervloeking wees.*

67 "As ons een Woord sal wegneem uit die Bybel," Openbaring 21 of 22, en: "of een ding Daarby sal voeg, bewustelik, sal dieselfde weggeneem word uit die Boek van die Lewe, vir ons." Daarom, is Dit my oortuigings.

68 Nie om ander mense te minag wat besprinkel, oorgegooi of onderdompel wil word, in "Vader, Seun, Heilige Gees" nie, dit hang opsetlik van jou af, my dierbare broer, suster. Ek sal nie van jou verskil nie, ek net . . . Jy is—jy is God se dienaar.

69 Maar, vir my, ek moet getrou en trou bly aan die Bybel. Daarom, het Paulus die mense beveel, wat op 'n ander manier gedoop is behalwe in die Naam van "Jesus Christus," en by hulle aangedring om te kom en weer oorgedoop te word, in die Naam van Jesus Christus. Om daardie selfde Evangelie te verkondig, moet ek dieselfde ding doen, om mense te vermaan en te oortuig. Moet nooit julle kerk verlaat nie; bly by julle pastoor, doen alles wat julle kan in julle eie plaaslike kerk, maar volg die Bybelinstruksies! Daarom glo ons, vanmôre, dat Jesus kom. En wanneer ek daardie dag staan . . .

70 Nou, miskien mag die belydenisboek reg wees. Ek kan dit nie minag nie. Dit mag reg wees. Maar, en miskien het die Katolieke kerk daardie gesag. Ek weet nie. En as julle Katolieke hier, en julle dink julle kerk het daardie gesag, hulle sê *Hierdie* is hulle oorspronklike Boek. So waarom neem wat een of ander moderne mens gesê het, wanneer Christus, die Stigter van julle kerk, Hierdie beveel het, wanneer julle eerste pous *Hierdie* beveel het? Kom ons volg die Bybel, want ek glo Dit is die Waarheid!

71 Nou terwyl ons voorberei, wil ek hê diegene wat gedoop gaan word, moet vorentoe kom en hierbo kom staan, sodat ons vir die wêreld kan wys dat ons dit glo.

Jesus lewend, het Hy ons liefgehad. Sterwend, het Hy ons gered.
Begrawe, het Hy ons sonde ver weggeneem.
Opgestaan, het Hy vrylik vir ewig regverdig.
Glo Hy sal eendag kom, wag vir daardie wonderlike dag!

72 En jy kom vanmôre om dit te bely. Daardie sonde waarvan ek vanmôre gepreek het, die sonde van die wêreld, is veroordeel en doodgemaak, en jy is nie meer 'n dienaar van daardie ding nie, maar dis dood. En jy kom om begrawe te word in die Naam van Hom Wat vir jou gesterf het, en sonde vir jou doodgemaak het, en opgestaan het vir jou regverdigmaking. En jy is volmaak, in Hom; nie in enige kerk nie, nie in die Branham Tabernakel nie, nie in die genootskap nie. Maar jy is volmaak en veilig in Jesus Christus!

73 Kom ons bid. Here, hierdie lyk somtyds moeilik, want ek weet dat ek kosbare vriende hier het van die Katolieke geloof, en party van die Wesleyaanse Metodiste, en, sonder twyfel, baie van die streng drie-eenheid.

74 Ons glo, Here, dat "Vader, Seun, en Heilige Gees" dieselfde God is, maar drie ampte waarin die God van die Hemel gedien het: een keer vir die Jode, in die Vaderskap; een keer in die vlees, as die Seunskap; en nou in die Heilige Gees, in die Kerk. Nie drie gode, glo ons nie, Vader; want U kan nie U Eie Woord ontken, waar daar geen ander God behalwe U is nie. U het gesê: "Ek is die Here jou God, jy mag geen ander gode hê nie." En ons glo, Here, dat hierdie een ware God in drie verskillende bedelings gelewe het: onder die wet; onder die Christenbedeling toe Christus op aarde was in 'n liggaam van vlees wat gebore is uit die maagd Maria, gesterf het, weer opgestaan het, en ons, die Kerk, verlos het; en nou, in die vorm van die Heilige Gees, lewe die Getuie van die opstanding in ons lewens. Vergewe ons ons sondes.

75 En ek bid dat U elke persoon hier sal seën, ongeag van kerkverbintenisse of denominasie. Hulle is mense wat lewe en eet, en liefhet, en Hemel toe wil gaan. Hulle is soos ons almal. En ons—ons—ons probeer nie enigiets of enige werk wat enigiemand gedoen het in U Naam onteer nie, maar ons probeer net 'n stelling maak van die hoop wat in ons lê, gebaseer op U Woord. U Woord is die Waarheid.

76 So ons bid, Vader, dat as daar sommige hier is wat U wil hê hulle moet oorgedoop word, laat hulle vorentoe kom. En hulle wat nog nooit 'n Christenbelydenis gemaak het nie, wat nou kom om gedoop te word in die Naam van hulle herrese Here, wat 'n pragtige tyd om dit te doen, op die Paasoggend. Wat maak die doop moontlik? Omdat daar 'n Pase was. Skenk, Here, dat wie ook al sal kom, geseënd en gevul sal wees met die Heilige

Gees, omdat hulle dit so verlang. Want ons vra dit in Jesus' Naam. Amen.

77 Nou, hulle wat gekom het vir die doop, sal julle net op julle voete staan? sodat ons 'n algemene idee kan kry van wie gedoop moet word. Daar sal een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt, nege, tien, elf, twaalf, dertien, veertien, vyftien, sestien, sewentien, agtien wees. Agtien van hulle. Goed. Ek het joune daaragter, suster aan die agterkant.

Nou ek wil hê julle moet almal, as julle net almal vorentoe sal loop hier net vir 'n oomblik. Sal julle?

Sal jy vir ons speel, suster: "Ek kan hoor my Heiland roep my"? Saggies as jy kan, stadig.

78 En soos ek sien, wat in die ry afkom, bekend met die mense, sien ek mense van buite die dorp, van kerke wat eintlik sou dink dat ek bietjie van die pad af is, deur die mense te doop . . . (Sal julle net reguit na *hierdie* kant toe uitbeweeg, broers, sodat hierdie hieragter . . . ? Ja.) . . . deur hulle te doop in die Naam van die Here Jesus. Maar ek het dit waarlik so duidelik probeer maak as wat ek dit kon maak. Sien?

Nou, hierdie is 'n mooi groep mense. Ek wil hê julle moet almal reguit omdraai na die gehoor toe, soos *hierdie*. Goed.

79 Hierdie mense wat hier staan, kom op die basis dat hulle glo dat Jesus Christus die Seun van God is, dat Hy was . . . gely het onder Pontius Pilatus, en gekruisig is op Golgota, gesterwe het, begrawe is; op die derde dag opgestaan het, triomferend oor die dood, hel, en die graf, en opgevaar het na Bo, en sit aan die regterhand van die Majesteit, om voorspraak te maak volgens hulle belydenis. Hulle het nou vir julle gewys dat hulle dit plegtig glo met hulle hele hart, en hulle sonde voor God bely het, en oortuig is dat Jesus die Seun van God is, en Hom aanvaar het as persoonlike Verlosser.

As dit so is, steek op julle hande, almal van julle wat so rondom staan. Steek dit net op. Uh-huh.

80 Daarom, party van hulle is vir 'n lang tyd al Christene. Party van hulle is gedoop in die naam van die Vader, en van die Seun, en van die Heilige Gees. En hulle is oortuig vandag dat—dat die Skrif en die apostoliese manier van doop in die Naam van "die Here Jesus Christus" is. En hulle het gekom, in hierdie geloof, en het dit aanvaar, en dit aangeneem, en sal dink dat dit die Waarheid is omdat die Skrif dit leer.

81 As sulkes in die ry staan, sal julle julle hande opsteek? julle wat voorheen gedoop was en wil . . . in die naam van "die Vader, Seun, Heilige Gees," en nou glo in "die Here Jesus Christus." Dankie.

82 O Here, Skepper van die Hemel en aarde, Oorsprong van ewige Lewe, hier staan mans, vroue, seuns en dogters, wat ek

hier moet lei na hierdie Paasgraf toe. O God, eendag, miskien nog vandag, moet ek saam met hulle by die Oordeelsbank staan. En wanneer die Grootbaas uitkom in Sy groot koninklike gewaad; as 'n prediker van die Evangelie, sal ek moet staan voor hierdie oop Bybel en rekenskap gee vir wat ek vir die mense geleer het. Ek vrees, Here, in angs, goddelike angs, dat ek nie iets sal leer wat verkeerd is, en dat alles wat ek gedoen het weggegooi sou word nie. Want, U het gesê: "Tot hemel en aarde sal verbygaan, nie een Woord van My sal vergaan nie." En U het gesê: "Laat elke mens se woord verkeerd wees," en U s'n reg wees.

83 Daarom, Here, is ek soos U dienskneg in die dae wat verby is, om hulle te vermaan om te kom en weer oorgedoop te word. Dat ek mag sê dat op daardie dag, dat: "Ek alles gedoen het wat ek geweet het hoe om te doen. Te midde van kritiek, en wat nog, maar getrou probeer lewe het aan hierdie Bybel."

84 Skenk, Here, dat hulle lewe verryk en geseën sal word, en mag hulle niks ontbreek nie. Mag die Heilige Gees op elkeen van hulle kom wat Hom nog nie ontvang het nie. Mag hierdie 'n opstandingstyd wees, dat hierdie groep mense opgewek sal word, en hierdie kerk verkwik sal word met die Krag van die herrese Jesus. Mag ons uit hierdie gebou uitgaan vandag, en sê: "Was ons harte nie brandende in ons, soos Hy met ons gepraat het langs die pad nie." Skenk dit, Vader. As U dienskneg, met hierdie materiële dinge, hoe ons nou vorentoe gaan om U Gebooie te gehoorsaam. In die Naam van Jesus Christus, U Seun. Amen.

85 Nou die vroue, glo ek, gaan na hierdie kamer toe. Is dit reg? [Broer Neville sê: "Dis reg."—Red.] Hier oorkant waar daar voorbereiding sal wees, die vroue van die kerk sal hulle plekke inneem hier saam met hierdie vroue, aan my regterkant. Die man sal na *hierdie* kant toe gaan, wat die linkerkant is. En Doc, as hy sal, kry die groot ligte oor die doopbad, sodat almal die doopdiens kan sien. En Broer Neville sal die sang lei vir my, as hy sal. En ons sal . . . [Broer Neville praat met Broer Branham.] Stel dit dan naby op. [Leë kol op band.]

86 Dat sy gegaan het na . . . daar onder Corydon, na 'n vrou wat niks meer as 'n skaduwee van 'n vrou was, met kanker nie. En die bandopname vir haar gespeel het, van een van die dienste, en die vrou is totaal verlos, buite op werf, besig om blare te hark. Die dokters kan niks van haar kanker vind nie.

87 'n Paar dae gelede, het 'n vrou hier gesit, waar ek gevra en gesê het, in 'n gemeentetjie: "Ons het nie 'n kans gekry om gebedskaartjies uit te gee nie, so ek sal net eenvoudig vra, hoeveel hier was nog nooit tevore in my dienste nie?" Baie het hulle hande opgesteek. Die groot Heilige Gees het oor die plek getrek en die mense se gedagtes begin onderskei en wat hulle moes doen. Daar het 'n babatjie daar gesit van iewers in Georgië af, met 'n veltoestand, van sy geboorte af. Twee dae later, het iemand gebel,

of ’n paar dae later, en gesê: “Die babatjie se veltoestand was besig om te verdwyn.”

88 ’n Dame wat hier sit, op pad na ’n operasie, met ’n groot kwaadaardigheid in haar sy, wat ’n operasie sou ondergaan, die volgende Dinsdag. Dit was Sondag. Sy het gekom saam met ’n alkoholis, gewese, Rosella Griffith. En toe hierdie vrou gekom het, en die Heilige Gees haar begin vertel het wie sy was en waarvandaan sy gekom het, het Dit gesê: “Jy mag gedink het dat Rosella dit vir ons vertel het.” Toe het die Heilige Gees gegaan en haar kind uit die gehoor uitgebring, en van die kind vertel, en gesê: “SO SPREEK DIE HERE, daardie groeisel is weg.”

89 En Dinsdagoggend toe sy ingegaan het vir haar ondersoek, of vir haar operasie, terwyl al die spesialiste, vier van hulle, glo ek, vergader het. Hulle het begin voel vir die knop, en dit was nie daar nie. Hulle het haar onder x-strale geplaas, en die ander dokters ingeroep, en haar klere weer vir haar aangetrek en haar huis toe gestuur: “Daar is glad nie enigiets daarin nie.”

God is nogsteeds God! Moenie ophou glo nie, hou net aan glo. Goed.

90 Bid julle almal nou vir my terwyl ons in Kalifornië ingaan, in die dienste; dit nou doen? Ons moet weg wees, omtrent, tussen tien en vyftien dae, by die Angelus Tempel, vanaf die derde.

91 Dan gaan ons, van daar af, een aand by die Spaanse mense, in ’n ouditorium in Los Angeles, die sestiende. Sewentiende, agtiende en negentiende, is ons by die vlootbasisse by San Diego.

92 En dan gaan ons van daar af, na San Jose. Dis dertig myl van Oakland af, want ons kon nie die arena kry wat ons verlede jaar gehad het nie. Hulle hou die ysskaats daar. En ons het die skougronde, wat omtrent, ek reken, miskien twintigduisend mense sal kan huisves. En hulle het een-en-sestig volle Evangelie kerke ingeskryf vir die diens. En so ons verwag ’n wonderlike tyd daar vir omtrent twee weke.

Die Here seën julle. En bid vir my, nou.

93 [Broer Neville sê: “Ek wil net hierdie aankondiginkie maak, dat party van ons broers die afskorting in daardie kamer gaan wegneem, daaragter, vir vanaand, moontlik sal wees om nog honderd mense te huisves, ek . . . ” Leë kol op band. Gemeente sing, *Ek Is Bestem Vir Die Beloofde Land,* terwyl Broer Branham en die mense voorberei vir die waterdoop. Daar is verskeie leë kolle op die band. Die gesprek met elke persoon wat gedoop word, is nie altyd hoorbaar nie, as gevolg van die agtergrond geraas—Red.]

94 . . .?. . .watter dinge U ook al beveel het, te gehoorsaam. Op . . .[Leë kol op band—Red.] . . .die toewy-. . .[Leë kol op band.]. . .hierdie, my bro-. . .[Leë kol op band.] . . .en sy

belydenis . . . [Leë kol op band.] . . . van die Here Jesus, en sy volle . . . ? . . . [Leë kol op band.]

95 (Wat is jou . . . ? . . . Jy mag wag tot . . . ? . . . laat hulle hier staan . . . ? . . . O, koud, baie koud . . . ? . . . Ons het 'n ding hier . . . ? . . . Wat is jou naam, suster? Van waar? Opal Weaver se dogter. Um-hum. Jou moeder was gered van die dood, nie waar nie? Opal Weaver, sy het kanker gehad. Dis reg. Wel, jy is nie dalk die verpleegster wat daaronder was daardie dag toe ek daar ingekom het nie? Een van haar dogters het gestudeer vir 'n verpleegster. Ja. Toe ek ingegaan het om te bid vir haar daardie nag daaronder . . . Goed. Mev. Kennard, was jy al voorheen gedoop? Besprinkel. Goed. Nou, kyk net hiernatoe. Dis goed. Goed . . . ? . . . Is jou moeder daarbuite?)

Hierdie is Mev. Kennard. En vir die kerkmense hier, dit is Suster Opal Weaver se dogter.

96 En almal van julle ken vir Opal Weaver, en wat in haar lewe gebeur het. Sy was net 'n geraamte, met kanker, die dokters het haar opgegee. En Mev. Weber langsaan, wat familie van haar is, eendag toe ek ingekom het van die Weste af, vir 'n diens, het vir my gevra om soontoe te gaan en Mev. Weaver te sien. Mev. Weaver het gesê: "Broer Branham, ek's nie waardig dat 'n dienskneg van Christus in my huis inkom nie, want ek's 'n sondaar." En sy het nie te veel van Goddelike genesing gepraat nie, maar sy het van haar sondes gepraat. Sy wou God nie as 'n sondaar ontmoet nie. En daar het sy haar lewe vir God gegee. En was . . . na hierdie bad toe gekom, so steierend en wankelrig, met klein beentjies en armpies, dat sy soos 'n geraamte gelyk het, in hierdie water ingeloop om gedoop te word in die Naam van Jesus Christus. Sy staan nou hier en huil, terwyl sy kyk hoe haar dogter deur dieselfde doop gaan wat sy het.

97 Jy is, jy staan daar, nie waar nie, Mev. Weaver? Sal jy uitkom, net sodat hulle kan sien hoe sy nou lyk. Baie jare gelede, 'n geraamte van omtrent veertig pond. En hierdie is haar dogter wat afgaan in dieselfde bad, in die Naam van Jesus Christus.

98 God seën jou, Suster Kennard. Sit jy net jou arm reg om soos *hierdie*, Suster Kennard. Hou hulle reg rondom myne. Dis reg. Nou, dis alles reg, kyk net reg op na *hierdie* kant toe. Laat ons nou ons hoofde buig.

99 O Here God, Skepper van Hemel en aarde, Oorsprong van ewige Lewe, en Gewer van elke goeie gawe. Soos hierdie vrou gekom het vanmôre, met die besef dat U haar moeder opgerig het uit die doodskadu's, soos sy U gehoorsaam het in die waterdoop, soos sy belowe het op haar doodsbed sy sou doen. Sy kom vanmôre, met die wete dat sy net besprinkel is, en nie tevrede was dat dit apostoliese doop was nie. Sy kom nou om haar hartsbegeerte en die opdrag van God te vervul. Daarom, Vader,

bid ek dat U haar sal vul met die Heilige Gees. En laat haar 'n lang lewe hê, gelukkig, en van diens wees vir U.

100 En volgens jou belydenis van jou geloof, en jou toewyding aan ons Here, doop ek jou, my geliefde suster, in die Naam van die Here Jesus Christus. Amen. [Broer Branham onderdompel die suster in water—Red.]

101 (. . .?. . .Nou, bring iemand reguit nader voor jou, hier, sodat hulle gewoond raak aan die water. Sien. . .?. . .Bring hulle weer om. . .?. . .Vader, kom hou sy hand vas. . .?. . .Bring iemand anders hier in. Goed. Ek wil hê die ander een. . .?. . . Dis reg. . .?. . .Staan, staan net daar. . .?. . .Dis reg. Net daar, staan net daar. . .?. . .Belvin. Nou, bring nou 'n meisie en laat haar daaragter staan, kan gewoond raak aan die water. . .?. . . bring nog een ondertoe, 'n bietjie meer gewoond raak daaraan. Nou, staan reguit agter aan hierdie kant, suster. Dis reg. Goed, daar. Belvin, van Michigan. . .?. . .goed. Ek dink dis hoe jy. . .sit jou hand net hier. Goed.)

Suster Belvin, Maria, van naby Battle Creek, Michigan, wat kom om oorgedoop te word in die Naam van die Here Jesus.

102 Die mense, die rede waarom ons net 'n bietjie huiwerig was toe, al was die verwarmer al 'n geruime tydjie in hierdie water, is die onderkant van die bad steeds yskoud. En dis waarom ons hulle net laat kom, gewoond raak aan die water.

En ek vra hulle, bring hulle net sodat hulle die heeltyd inkom, een die heeltyd.

So nou as jy net jou arms reg rondom myne sal sit, Suster Belvin, soos *hierdie*, jou hande kruis. Dis reg. Goed. Kom ons bid nou.

103 Regverdigste, Hemelse Vader, Oorsprong van ewige Lewe, Gewer van elke goeie gawe, stuur U seëninge op hierdie vrou wat al die pad van Michigan af kom, om U Seun in die doop te volg vanmôre, in hierdie ysige bad. O Here, hoor die gebede van U dienskneg. En ek bid dat U haar lewe sal vul met U Krag, goeie dinge van die Hemel. En, soos ek haar doop met water, vul haar met die Heilige Gees en krag vir U diens. Skenk dit, Ewige God. Soos U ons opdrag gegee het om in die hele wêreld in te gaan en dissipels van alle nasies te maak, hulle te doop in die Naam van die Vader, Seun, en Heilige Gees, hulle te leer om alles te doen wat U beveel het.

104 Daarom volgens die belydenis van jou sonde, en jou geloof in die Seun van God, doop ek jou, my geliefde suster, in die Naam van die Here Jesus Christus. Amen. [Broer Branham onderdompel die suster in water—Red.]

105 (Wat's jou naam, huh? Joseph wat? Blade? Wat is sy van? Wat? Blade. Goed. Staan net reg aan die onderkant hiervan, seun, as jy kan, asseblief? Goed. Nou, staan jy daar oorkant, suster, sodat. . .

Dis reg. Goed.) Hier is 'n gawe jong man, Joseph Blade. Hierdie seuntjie het instrumente gespeel voor soveel soos 'n honderd-en-vyftigduisend mense. Hy word nou 'n klein predikertjie. En hy het gekom om gedoop te word in die Naam van Jesus Christus, nie deur die oorreding van sy vader, sy moeder nie, maar volgens sy eie oortuiging kom hy. Hy moet speel vanmiddag, hierbo iewers in Indiana; maar wou oorbly tot hierdie kon gebeur, want hy's oortuig dat hierdie reg is. Dis geskryf in die Skrifte: "'n Kindjie sal hulle lei." Laat ons ons hoofde buig. (Neem Broer Branham se arm. Dis reg, seun, net *hier.)* Kom ons bid.

106 Here God, daar staan geskrywe: "Laat die kindertjies na My toe kom." Hier is 'n klein Joseph. Wanneer ek aan daardie naam dink, dink ek aan my eie seuntjie. Ek bid dat U klein Joseph sal seën, vul sy lewe met die Heilige Gees, Here. Maak hom, gee vir hom sy hartsbegeerte, laat hom 'n prediker van die Evangelie wees. Maak hom suksesvol in alles wat hy doen. En volgens U opdrag, Here, soos U ons opdrag gegee het om in die hele wêreld in te gaan en dissipels te maak, hulle te doop in die Naam van die Vader, Seun, Heilige Gees, en hulle te leer om alles te doen wat U beveel het.

107 En volgens die belydenis van hierdie seuntjie se sonde, en sy geloof in die Seun van God, doop ek jou, my broertjie, Joseph, in die Naam van Jesus Christus. Amen. [Broer Branham onderdompel die broer in water—Red.] Amen.

(Wat's jou naam, suster? Myers, Suster Myers. O, dis Suster Downing hier, kom net reguit in die water in.) Hierdie mense is van Tennessee af.

108 Hierdie is Suster Myers, wat van Memphis, Tennessee af kom, om haar Here in die doop te ontmoet vanmôre. Ek neem aan jy is al eenkeer gedoop in . . . as 'n kind. En jy kom nou om gedoop te word in die Naam van die Here Jesus Christus. As jy net aan my arm sal vashou, Suster Myers, ek reken, as jy net miskien altwee hande kan omdraai. Ek glo, die dame 'n rukkie gelede . . . Dis reg. Dis beter. Laat ons ons hoofde buig.

109 O Here God, Wat vir Jesus opgewek het uit die dood, en vir ons die getuienis gegee het deur die Heilige Gees, ons staan vanmôre in hierdie ysige graf hier, in hierdie wete, dat, so seker as wat Jesus uit die graf uitgekom het, ons so sal opstaan op daardie Dag. Eendag, as Jesus vertoef, sal ons na 'n—'n modderige graf toe gaan, daar sal grond op ons gegooi word. Maar daar is geen graf wat ons kan hou nie. Jesus het die belofte gegee: "Hy wat glo en gedoop word, sal gered word." Hierdie jong vrou kom vandag, met 'n ten volle toegewyde hart, in die geloof dat U hierdie vir haar sal doen. Daarom, Here God, Skepper van Hemel en aarde, en die Oorsprong van ewige Lewe, stuur U seëninge op haar, soos ek die opdrag vervul wat U vir ons gegee het om te doen.

110 Volgens die belydenis van jou geloof in die Seun van God, doop ek jou, my geliefde suster, in die Naam van Jesus Christus. Amen. [Broer Branham onderdompel die suster in water—Red.] God seën jou, suster.

111 (Suster Downing is hier. Kom na my toe.) Hierdie is Suster Downing, ook van Memphis, Tennessee. God was goed vir hierdie familie; hoe hy was—was vir haar moeder, wat lank siek was. Hierdie is een van my vrou se beste vriendinne. En sy kom vandag, nie as gevolg van oorreding nie, sy kom as gevolg van oortuiging, dat sy oorgedoop wil word in die Naam van Jesus Christus. God, seën hierdie vrou.

112 Ek wil dit sê. Ek sal liewer nou 'n knoppie vir 'n persoon gee, as 'n hele krans na hulle weg is. Ek het hierdie vrou dopgehou vir baie jare, vandat ek in die bediening gekom het. En hierdie vrou, bekend met haar agtergrond, van wat sy was en wat sy gedoen het; sy het 'n hart vol probleme gehad, maar sy was een van die voorbeelde van Christelikheid. Ek's bly ek kan dit sê vanmôre. En sy is merkwaardig, vir my, as 'n toegewyde Christen. Ek's so bly ek kan dit oor haar sê, voor ek haar doop in die Naam van haar Here.

113 Neem altwee hande net soos wat jy dit wil doen, Suster Downing. Daar regoor sal reg wees. Sit jou vingers inmekaar soos *hierdie,* ek glo dit sal jou makliker laat opkom.

114 Almagtige God, Skepper van Hemel en aarde, en Oorsprong van elke goeie gawe, en die Oorsprong van ewige Lewe, U het ons opdrag gegee om in die hele wêreld in te gaan en dissipels van alle nasies te maak. Dit, Here, het ons eerbiediglik gedoen. En ek bid dat U hierdie vrou sal ontvang, volgens die oortuiging van haar hart; nadat dit eers was in die naam van Vader, Seun, en Heilige Gees. Nie omdat ek dit gesê het nie; omdat sy oortuig is dat dit U apostoliese en U oorspronklike aanvanklike manier van doop was, soos die eerste Kerk gedoop het. Sy kom soos—soos Paulus van ouds gesê het. En, God, ek—ek bid dat U haar sal ontvang. En ek weet U sal. En laat haar nou gelukkig lewe. Gee vir haar die begeerte van haar hart.

115 En volgens die belydenis van geloof in Jesus Christus, en volgens jou toewyding aan Hom, doop ek jou, my geliefde suster, in die Naam van ons Here Jesus Christus. Amen. [Broer Branham onderdompel die suster in water—Red.] Amen. Prys God!

116 (O, ek glo jy's volgende, meneer, om te kom. Wat's jou naam? Henry Blade. Goed.) Hierdie is Henry Blade, 'n jong man wat kom om gedoop te word in die Naam van die Here Jesus Christus. Is jy 'n broer van die jong kêrel wat pas gedoop is? Speel jy ook musiek? Nog een van die orkes, wat die musiek speel, wat van oral af aangevra word. Iemand het my net so pas 'n rukkie gelede vertel, dat, hulle oral voor groot gehore speel. En hy kom met oortuiging, om gedoop te word in die Naam van Sy herrese Here.

Sal jy graag wil opstap hier, Broer Blade? Jy sit net altwee arms soos *hierdie*, rondom my arm. Dis reg. Kom ons bid.

117 O Here God, Skepper van Hemel en aarde, en Oorsprong van ewige Lewe, en Gewer van elke goeie gawe, stuur U seëninge op hierdie jong man vir wie ek doop in die Naam van U Seun. Skenk dit, Here.

118 Volgens die belydenis van jou sonde, en jou geloof in die Seun van God, doop ek jou, my geliefde broer, in die Naam van die Here Jesus Christus. Amen. [Broer Branham onderdompel die broer in water—Red.] Wel, daardie seuntjie, seën hom!

(Wat's jou naam? Wat? Myers.) Hierdie is klein Broer Myers. Hoe oud is jy? Tien.

Iemand mag sê: "Hoekom doop jy hierdie klein seuntjie?"

119 Jesus het gesê: "Laat die kindertjies na My toe kom, verhinder hulle nie, want aan hulle behoort die Koninkryk van God." Laat hulle kom! Hierdie seuntjie wil gedoop word. Ek glo hulle moes uitgaan en klere vir hom kry, of iets, om gedoop te word. Hy is oortuig. Kom ons bid.

120 Here God, Skepper van Hemel en aarde, Oorsprong van ewige Lewe, en Gewer van elke goeie gawe, stuur U Seëninge op hierdie kind, wat vanmôre na U toe kom, in hierdie ysige graf. Soos ek hom doop met water, vul hom met die Heilige Gees.

121 Volgens die belydenis van sy sonde, en sy geloof in die Seun van God, doop ek jou, my broertjie, in die Naam van die Here Jesus Christus. Amen. [Broer Branham onderdompel die broer in water—Red.] Seën sy hartjie!

122 (Goed, Suster Ungren.) Hierdie dame hier, was 'n trofee van God se genade. Hierdie is meneer. . . Mev. Ungren, die moeder van die Downing meisie en die meisie wat voor haar was, wat pas gedoop is. Hulle kom almal van Memphis, Tennessee af. Hierdie is al vir jare en jare 'n vriend van ons. En sy is van 'n drie-eenheidskerk onder in Memphis, Tennessee. Ek sal nie vir Suster Ungren of vir enigiemand sê om nie na die kerk toe te gaan nie. Sekerlik, jy gaan na jou eie kerk toe. Dis alles reg. Maar, sy doen dit nie omdat sy iets teen haar kerk het nie, sy doen hierdie omdat sy oortuig is deur die Evangelie dat hierdie apostoliese doop is. God seën jou, Suster Ungren. Sy was siek, gaan deur 'n tyd van die lewe, dit het haar niks goed gedoen nie.

123 En Suster Weaver, siende dat jy hier staan, en 'n getuie dat daardie. . . En baie van julle hier wat dit weet, toe jy weer oorgedoop is in die Naam van Jesus Christus. Party van julle daarbuite met kanker en nie kon gesond word nie; toe julle oorgedoop is in Jesus' Naam, het die kanker julle verlaat. Mev. Weaver was een van hulle. En die dame oorkant die straat daar is een van hulle, wat dit dit gedoen het.

En ek vertrou God dat hierdie die einde van jou lyding sal wees, suster, omdat jy die Gebooie van God gehoorsaam het.

Nou as jy net jou arms reg rondom myne sal sit, net op enige manier wat jy dit wil hou. Laat ons bid. Goed.

124 Here God, Skepper van Hemel en aarde, hier staan U dienaar, en sy was siek vir 'n geruime tyd, maar, O Here, sy staan vandag hier in hierdie bad, om gedoop te word in die Naam van Jesus Christus. Here, ek het hierdie mense liefgehad, en het die heeltyd vir hulle gebid, dat hulle hierdie groot Lig moes sien. Want, ek glo, Here, dat dit is, my hele hart, dit die weg is wat U bepaal het dat ons moet volg. Ek bid dat U nou vir Suster Ungren sal genees. Mag elke stukkie siekte in hierdie bad agtergelaat word. Mag sy opstaan in nuwe gesondheid, en in die krag van die opstanding van Christus.

125 Volgens haar getuienis en haar belydenis, en haar geloof in die Woord van God, doop ek jou, my geliefde suster, in die Naam van die Here Jesus Christus. Amen. [Broer Branham onderdompel die suster in water—Red.]

126 (Goed, broer. Ek glo jy is 'n radiotegnikus, nie waar nie, of iets? 'n Radioman. Sal jy draai en staan? Wat's jou naam? Bert Maine. As jy draai . . . Ja.) Hierdie is Broer Bert Maine, die radioman, nuusman, nuusleser van die radiostasie, wat oortuig is dat die waterdoop in die Naam van Jesus Christus korrek is. Was jy vantevore al gedoop, broer? Hy is al vantevore gedoop, in die naam van die "Vader, Seun, en Heilige Gees." Maar oortuig deur die lees van die Woord, dat hierdie is wat hy moet doen. 'n Man van sy kaliber en sy beroep, kom reguit na die water toe, in die begeerte dat God hom moet seën en hom moet gee wat Hy vir hom in die lewe het. Mag God hierdie getroue dienaar van Hom seën.

Loop net reguit op hiernatoe, Broer Bert, sit altwee arms reg rondom myne, hierdie net hier. Dis reg. Kom ons bid.

127 Here God, Skepper van Hemel en aarde, en Oorsprong van ewige Lewe, en Gewer van elke goeie gawe, stuur U seëninge op hierdie broer. En terwyl hy hiernatoe kom as 'n getuie van U genade, 'n leser van U Woord, oortuig in sy hart dat hierdie die ding is om te doen, omdat dit 'n opdrag van U heilige Kerk is. Dis die oorspronklike. En, Here, ons wil die Gebooie volg van hulle wat saam met U gewandel het, want dis waarlik ons begeerte om te wandel soos hulle gewandel het, die pad te volg wat die apostels bewandel het. Miskien vervolging, miskien is dit hartseer, miskien is dit droefheid, ons weet nie wat dit inhou nie, maar, Here, solank as wat U lei, weet ons dit sal reg wees. Seën ons broer, vul sy lewe met die Heilige Gees, en wy hom toe aan die diens van Christus.

128 Daarom, volgens die belydenis van jou geloof, en jou oortuiging van dit wat jy nou gaan doen, my geliefde broer, doop

ek jou in die Naam van die Here Jesus Christus. Amen. [Broer Branham onderdompel die broer in water—Red.]

129 (Jy is Suster . . . Suster Skaggs. Is jy Broer Skaggs, my vriend hier, se dogter? van die . . . van . . . ? . . . ) Hierdie is Suster Skaggs. Is jy al ooit voorheen gedoop, Suster Skaggs? Is voorheen gedoop, in die "Vader, Seun, Heilige Gees." Sy kom vannmôre, hierdie jong vrou, om haar lewe van toewyding aan die Here Jesus te gee, om Hom te volg in apostoliese doop. Die Here seën jou, Suster Skaggs. Sal jy opkom hiernatoe net 'n bietjie nader? Sit jou arms net op enige manier wat jy wil om aan myne vas te hou. Kom ons buig ons hoofde.

130 Almagtige God, Skepper van Hemel en aarde, en Oorsprong van ewige Lewe, en Gewer van elke goeie gawe, stuur U seëninge op hierdie jong diensmaagd van U. Ek bid dat U haar lewe sal vul met die genades en seëninge van God, deur haar siel toe te wy aan U, Here, en vul haar met U Gees en liefde.

131 Volgens die belydenis van jou geloof, my geliefde suster, doop ek jou in die Naam van die Here Jesus Christus. Amen. [Broer Branham onderdompel die suster in water—Red.] Amen.

132 [Iemand vra oor iemand—Red.] (Wat sy ook al is, as sy oortuig is, wel, goed dan. Goed. Wat is nou jou naam?) Hierdie is Broer Henry B. Johnson. Hy het verlede Pase hiernatoe gekom om gedoop te word, en hy het nie sy klere gehad nie, en hy het 'n jaar gewag om gedoop te word in die Naam van Jesus Christus. God seën hierdie dapper dienaar van Christus! Loop reguit op hiernatoe, Broer Johnson. Sit net jou arms reg om myne, enige manier wat jy dink jy jouself beter kan mee optrek. Dis reg. Dis reg. Kom ons, bid.

133 Here God, Skepper van Hemel en aarde, en Oorsprong van ewige Lewe, Gewer van elke goeie gawe, stuur U seëninge op hierdie afwagtende hart. O, wanneer U hom uit hierdie water sien kom, mag die Heilige Gees wat die eerste keer op die water beweeg het, mag Dit op Hom beweeg. Wy toe sy lewe, O God, aan U, 'n diens.

134 Volgens die belydenis van jou sonde, en jou geloof in Jesus Christus, doop ek jou, my geliefde broer, in die Naam van die Here Jesus Christus. [Broer Branham onderdompel die broer in water—Red.] Prys God!

135 ( . . . ? . . . jy ook. Koud? Um-hum. Kom ons kyk, wat dit . . . ? Martha, is dit? Of, Jo Ann.) Dis nog 'n meisietjie van een van . . . Suster Downing se dogter, klein Jo Ann Downing. (Dis reg, suster? Omtrent hoe oud is jy nou? Veertien.) Sy is 'n—'n persoonlike vriendin van my dogtertjie, Rebekah, wat hier staan en kyk hoe sy gedoop word, in die Naam van die Here Jesus. Ons is so bly vandag om klein Jo Ann te sien, onder oortuiging, hierdie tiener kinders, wanneer hierdie wêreld vol sonde en verderf is,

om hulle hulle keuse te sien maak vir Jesus Christus. God seën hierdie jong meisie. (Soos jy jou hande hou.) Kom ons bid.

136 Almagtige God, Skepper van Hemel en aarde, en Oorsprong van ewige Lewe, stuur U seëninge op hierdie jong vrou. Soos ek haar doop met water, bid ek dat U haar sal vul met die Heilige Gees. Gee dat haar jong lewe 'n—'n voordeel vir U sal inhou, Here. Skenk dit. En praat met haar, en lewe in haar en werk deur haar, Here, deur die krag van God.

137 Volgens jou belydenis van die Seun van God, doop ek jou, my geliefde suster, in die Naam van die Here Jesus Christus. Amen. [Broer Branham onderdompel die suster in water—Red.]

138 (Goed, Sus. Jou moeder hier? Ja. Koud vir jou. Wat's jou naam? Sharon Myers, kyk hiernatoe, Sharon.) Sharon Myers, nog 'n jong vrou kom nou, om haar lewe toe te wy aan Christus. Is jy al ooit gedoop, Sharon? Nee, hierdie is haar eerste keer om gedoop te word. Mag die Here hierdie jong vrou seën, en haar lewe vul met God se goedheid en genade.

139 Kom net reguit op hier, Suster Sharon. En sit net altwee arms soos hierdie, skat, reken ek, onder op *hierdie* manier sal die beste wees. Enige manier wat jy dit nou soos daardie kan hou, goed, Suster Sharon. Kom ons bid.

140 Here God, Skepper van Hemel en aarde, Oorsprong van ewige Lewe, en Gewer van elke goeie gawe, stuur U genade op ons suster hier. En mag sy lewe en 'n voorbeeld wees van—van ware Christenskap, in die buurt waar sy vandaan kom. Skenk dit, Vader. En soos U ons opdrag gegee het om "te gaan in die hele wêreld in en alle nasies te leer, hulle te doop in die Naam van Vader, Seun, Heilige Gees," hulle te leer om alles te doen wat U ons beveel het. Skenk dit, Here, dat hierdie jong meisie die seëninge sal ontvang wat U belowe het.

141 Volgens die belydenis van jou geloof, en—en volgens jou toewyding aan die Seun van God, doop ek jou, my geliefde suster, in die Naam van Jesus Christus. Amen. [Broer Branham onderdompel die suster in water—Red.]

142 (Nou, skoene is nie . . . Ja, daardie tas vir die nat klere. Umhum. Goed. En jou naam is? Sumner. Kyk hierdie kant toe.) Broer Sumner. Van waar is jy, Broer Sumner? Van onder in Georgië, kom hy vanmôre. Jy ooit voorheen gedoop gewees, Broer Sumner? Hy is al voorheen gedoop: "Vader, Seun, en Heilige Gees." Oortuig dat hierdie die Waarheid is, kom hy vanmôre al die pad van Georgië af, om weer gedoop te word in die Naam van Jesus Christus, op hierdie Paasoggend, om sy geloof te bely in die Seun van God. Beweeg jy reguit op na hierdie kant toe, Broer Sumner, en sit jou arms om myne. Kom ons bid.

143 Here God, soos ek hom met water doop, bid ek dat U hom sal vul met die Heilige Gees en Vuur. Hierdie jong man, 'n toegewyde

lewe, Here, stuur hom uit in die sendingvelde iewers, om U werk te doen.

144 En volgens die belydenis van sy geloof in die Seun van God, doop ek jou, my geliefde broer, in die Naam van die Here Jesus Christus. Amen. [Broer Branham onderdompel die broer in water—Red.] God seën jou, my dapper broer.

145 (Jy is Suster. . . [Die suster sê: "Sumner."—Red.] Is daardie jou man? ["Ja."] Wel, hoe mooi! Ek sal vertrou dat God sal—sal seën.) Hierdie is Suster Sumner, julle verstaan. Daardie was haar man wat gedoop is net 'n paar oomblikke gelede. Ons laat die mense 'n paar minute staan, sodat hulle kan gewoond raak aan die water. Goed, Suster Sumner, as jy net arms om myne sal sit. Ek dink as jy net hierdie *hiermee* sal omruil, Suster Sumner, sou dit beter wees. Kom ons bid.

146 Here God, soos Suster Sumner nou kom om—om ons Here en Verlosser te volg in die doop. Kom volgende na haar man, hoe gepas! Ek het dit nie geweet nie. Maar om te wag tot daardie tyd, moes dit U verordineerde wil gewees het, Here, en U manier van dinge doen, dat sy ook haar man kon volg, want hy is die voorbeeld vir haar. En ek bid dat U haar sal seën en haar lewe sal toewy. En mag hulle lang, gelukkige lewens saam hê, hulle kindertjies grootmaak en U dien. Soos sy nou kom om gedoop te word, bid ek dat U haar die begeerte van haar hart sal gee.

147 Volgens die belydenis van jou geloof in die Seun van God, doop ek jou, my geliefde suster, in die Naam van ons Here Jesus Christus. Amen. [Broer Branham onderdompel die suster in water—Red.]

148 (Eerste keer wat jy ooit gedoop is, Suster Sothmann?) Hierdie is een van my baie dierbare boesemvriende se vrou, Broer Fred Sothmann van Hughton, Saskatchewan, Kanada. Suster Sothmann, sy's 'n baie dierbare persoon, toegewyde vrou, 'n ware moeder, 'n ware vrou en liefling van my vriend, Fred. Ek bid dat God vir Suster Sothmann sal seën, en vir haar elke Koninkrykgawe gee wat sy begeer.

149 Jy kan jou arm net hier sit. Ek glo hierdie sal die beste wees, Suster Sothmann, dit reg soos *hierdie* neem. Dan hierdie een onder, soos *daardie*. Kom ons bid.

150 O Here God, Skepper van Hemel en aarde, Ek is net seker dat U vanmôre hier iewers in hierdie plek staan, besig om hierna te kyk, want geen mens kan enigiets in U Naam doen sonder dat U daarvan weet nie. U sien hierdie vrou se geloof en haar toewyding. Ek bid dat U haar en Broer Fred saam sal seën, mag hulle lang, gelukkige lewens hê, in U diens. Skenk dit, Here. En soos sy nou gekom het met hart wat ten volle oorgegee is, en toewyding, om gedoop te word op die manier waarop die apostels gedoop is, op die manier wat hulle gedoop het.

151 Daarom, volgens haar belydenis van haar geloof in die Seun van God, doop ek jou, my geliefde suster, in die Naam van die Here Jesus Christus. Amen. [Broer Branham onderdompel die suster in water—Red.]

152 (Kry soort van bewerasiebulte? Wat is jou naam? Hudgins.) Suster Doris Hudgins. Van waar is jy, Suster Hudgins? New Albany. Sy kom vanmôre om gedoop te word in die Naam van haar Verlosser. Mag die Here God van die Hemel haar seën en haar 'n seëning maak in New Albany, waarnatoe sy sal terugkeer.

153 Sit—sit hierdie arm onder soos *hierdie*, op die agterkant. Goed. Hou die kleintjie net 'n oomblik net daar, tot ek haar gedoop het. Dis baie koud vir 'n klein dogtertjie. Is dit jou klein sussie? O, dis baie goed. Net 'n oomblik, ons sal daarvoor sorg. Laat ons bid, sal jy?

154 Almagtige God, Skepper van Hemel en aarde, en Oorsprong van ewige Lewe, en Gewer van alle goeie geestelike en fisiese gawes, gee vir hierdie vrou goeie gesondheid, krag, geluk, en al die geestelike seëninge wat U vir haar in gedagte het. U wil nie hê dat sy enigiets kortkom nie. En ek bid dat U dit aan haar sal skenk, Here, soos sy haarself toewy, om U te volg na hierdie ysige graf vanmôre. God, skenk dit.

155 En volgens die belydenis van jou geloof, doop ek jou, my geliefde suster, in die Naam van die Here Jesus Christus. Amen. [Broer Branham onderdompel die suster in water—Red.] Prys God! . . . ? . . .

156 (En jy, raak jy 'n bietjie gewoond daaraan? Sy mag 'n bietjie bang wees daarvoor. Wat is jou naam, skat? Blade? Is jy die . . . is jou mense pas gedoop?) Klein Mary Alice Blade. Hoe oud is jy, skat? Elf jaar oud. Mag die Here hierdie klein kindjie seën, haar die opregtheid en begeerte gee, die opregte begeerte van haar hart, is my gebed. Sal jy hier opstap. Mary Ellen? Mary Alice. Uh-huh. Goed, meneer. Kom ons bid.

157 Here God, Skepper van Hemel en aarde, en Oorsprong van ewige Lewe, en Gewer van elke goeie gawe, stuur U seëninge op hierdie kind, by die draaipunt van die lewe. Mag ons, sy voortgaan op hierdie weg wat lei na die Lewe. Skenk dit. Soos sy kom vanmôre, haar sondes bely, en bely dat sy geloof het in Jesus Christus Wat gesterf het om haar te red van daardie sondes, gaan sy na hierdie ysige bad, om gedoop te word in die Naam van haar Verlosser. Skenk, Here, dat die Heilige Gees sal beweeg op die water wanneer sy opkom hieruit, en beweeg op haar hart, en haar nooit verlaat nie, van nou af deur die hele Ewigheid. Skenk dit, Here.

158 Volgens die belydenis van jou sondes, en jou geloof in die Seun van God, doop ek jou, my geliefde suster, in die Naam van

die Here Jesus Christus. Amen. [Broer Branham onderdompel die suster in water—Red.]

159 (Goed, meneer. Hoekom staan jy nie 'n bietjie langer en laat my nog een hier kry nie. Is daardie . . . kom daar nog enige om gedoop te word? Moet jy gedoop word, suster? Goed. Kom jy, skat, om gedoop te word? Kom die ander meisietjie ook? Goed. Laat hulle 'n bietjie gewoond raak daaraan, laat hulle net 'n bietjie stil raak, dit sal alles reg wees, staan net baie stil. En laat die meisietjie net reguit deurstap, een treetjie op 'n slag loop, wanneer sy inkom. Staan net reg langsaan daar, nou, 'n rukkie. En laat die ander een dit doen. Wat is jou naam, suster? Dorothy wie? Darlene. Wel, van waar is jy, Darlene? Onder in Kentucky.) Hierdie is klein Darlene Wilcoxson, van Kentucky. Sy kom vanmôre, in belydenis van geloof in die Seun van God, om gedoop te word in die Naam van ons Here en Verlosser, Jesus Christus. Mag God dit seën. Ek hou daarvan om hierdie tienerkinders te sien inkom, want, as daar 'n môre is, sal hierdie die werkers van môre wees. En, reg, 'n pragtige dametjie, reg op die ouderdom wat Satan haar lewetjie kon uitsuig en haar 'n—'n skande maak. Sy het die regte pad gekies. Bly daarop, Darlene, tot Jesus jou vrymaak. Sit net een hand soos *hierdie*. En, ek dink, Darlene, soos *hierdie*, skat, en dan een oorkant soos *daardie*. Dis goed. Kom ons bid.

160 Genadige God, Wat die Hemel en aarde gemaak het, en alle dinge vrylik gegee het deur Jesus Christus, ons dank U vanmôre vir die voorreg wat ons het om hierdie kinders na U toe te lei. O Genadige God, vul hierdie lewetjie. En mag die duiwel haar nie aanraak nie! Mag sy U dienaar wees al die dae van haar lewe. Skenk dit, Here. Soos sy begin het vanmôre, deur in hierdie ysige graf te staan, hierdeur te gaan, in die geloof dat Jesus Christus gesterf het vir haar sonde, en sy nou 'n openbare belydenis daarvan maak. Skryf haar naam nie net op hierdie doopbladsy nie, maar mag dit op die Boek van die Lewe wees. Mag sy uitkom daardie dag, blink soos goud. Skenk dit.

161 Volgens die belydenis van jou sonde, en jou geloof in God se Seun, doop ek jou, my geliefde suster, in die Naam van Jesus Christus. Amen. [Broer Branham onderdompel die suster in water—Red.]

162 (Goed. Wat's jou naam? Emily . . . ? Plade.) Wat 'n liefdevolle dogtertjie is hierdie, klein Emily Plade. Wat 'n geloof . . . [Iemand sê: "Blade."—Red.] Blade. O, jy's die . . . een van die . . . Dit was jou suster wat pas gedoop is, sy is 'n klein skatjie.

Wel, iemand het eenkeer vir my gesê, gesê: "Broer Branham, hoekom doop jy kinders?"

Jesus het gesê: "Laat die kindertjies na My toe kom." Dit is *laat toe*, "laat" hulle kom.

Sê: "Wel, sy weet nie wat sy doen nie."

163 Sy sou weet as sy die verkeerde ding doen, nie waar nie? Dink julle daardie kind sal nie weet wanneer sy die verkeerde ding doen nie? As sy oud genoeg is om te weet wanneer sy die verkeerde ding doen, is sy oud genoeg om te weet wanneer sy die regte ding doen. Wat as iets met haar gebeur het, en ek het haar belet? Dan, sou daardie bloed op my hande wees by die Oordeelsdag. Ja, meneer. Maak nie saak watter ouderdom hulle is wanneer julle . . . wanneer hulle wil kom nie, laat hulle toe om te kom.

164 Jy lief vir Jesus? Gaan jy Hom dien? Weet jy wat hierdie bad is vanmôre? Dis waar Hy gesterf het, begrawe is, onder in hierdie baie koue graf; maar Hy het weer opgestaan, God het Hom boontoe gebring. Eendag, skat, sal jy ook uitkom. Hê jy Jesus lief, en dien Hom al die dae van jou lewe. Laat ons nou bid.

165 Here, daar staan geskrywe: "Laat die kindertjies na My toe kom, en verhinder hulle nie, want aan hulle behoort die Koninkryk van die Hemel." Ek bid dat U hierdie kindjie sal seën. Soos ek haar doop met water, en U haar doop met die Gees, Here. Sy het gekom, sy glo, sy het gekom uit haar eie wil. En ek doop haar volgens U Woord.

166 Volgens die belydenis van haar sonde, en haar geloof in die Seun van God, doop ek jou, my geliefde suster, in die Naam van die Here Jesus Christus. Amen. [Broer Branham onderdompel die suster in water—Red.]

167 (Hoe gaan dit met jou? Hoe gaan dit met jou, skat, alles reg? Wat's jou naam? Goed. Dobson? Robison.) Hierdie, is klein Suster Robison wat kom om onderdompel te word in die Naam van haar Verlosser, die Here Jesus. Laat, ons ons hoofde nou buig terwyl ons bid. Sit jou arms net *hier*, skat.

168 O Here God, Skepper van Hemel en aarde, en Oorsprong van ewige Lewe, en Gewer van elke goeie gawe, stuur U seëninge op hierdie dametjie. Soos sy vanmôre kom om haar sondes te bely, en in geloof in die Seun van God, skenk, Here, dat sy gevul sal word met die Heilige Gees. En mag sy daardie regte pad kies, en voortgaan daarop, totdat sy vry is van hierdie lewe. Skenk dit, Here. Gee haar die seëninge van haar lewe.

169 Nou, volgens die belydenis van jou sondes, en jou geloof in die Seun van God, doop ek jou, my geliefde suster, in die Naam van Jesus Christus. Amen. [Broer Branham onderdompel die suster in water—Red.] Amen. Amen. Prys die Here!

170 (Volgende week. Ja. Jy 'n bietjie bang om hiernatoe te kom, skat? Huh? Waar is die moeder? Uh-huh. Wat dink jy, wil jy dit probeer? [Die moeder sê: "Wel, dit hang net van haar af. Sy het my gesmeek, en ek het probeer om haar daaruit te praat."—Red.] Wil jy gedoop word, skat? Seker? Jy wil, skat? Wil jy saam met Broer Branham in die water ingaan? Jy bang om uit te kom? Huh? Wil jy kom, liefling? Wil jy—wil jy, hiernatoe kom? Goed, sus,

dit mag 'n—'n bietjie vreesaanjaend wees vir haar. Gee dit vir haar. Nou, is—is daar iemand anders daarbinne? Daardie . . . Is daar iemand anders aan hierdie kant? Goed, trek die gordyn toe daar. Um-hum. Goed.) Die dogtertjie wat nou net hier gestaan het om gedoop te word, sy wou gedoop word, maar sy was bang die water was te koud vir haar. En so het die moeder gesê . . . Wel, sy het vir my gevra wat ek dink. Ek het gesê: "Miskien as sy bang sou wees, ek sou haar nie wou bangmaak nie." Sien? En sy was in elk geval baie klein. Maar sy praat van dat sy gedoop wil word, so sy het gedink sy sou wag tot die volgende doop, miskien sou die water 'n bietjie warmer wees. So dis baie mooi, en die moeder. En ons bid dat God . . .

Kom ons bid vir die dogtertjie.

171 Here Jesus, ons dank U vir daardie klein dingetjie. En dis 'n . . . Dit behoort 'n vermaning vir ouer mense te wees, om dit te sien, wanneer daardie hartjie sag en jonk is, wil sy kom. So klein, Here, wys dat U kan werk met 'n hart wanneer dit nederig en eenvoudig word. Mag dit 'n voorbeeld wees, Here, dat U kan werk met mense. En ek bid dit. Dat U met die dogtertjie sal wees, en haar sal help. Mag sy ouer, en sterker en groter word, tot waar sy gedoop kan word in die Naam van U Seun. Skenk dit, Vader.

172 En nou vir hierdie, Vader God, wat gedoop is, terwyl ek nog hier in die water bly. En U—U Gees was hier; ons het hierdie dogtertjies sien opstaan, en seuntjies, met hulle hande in die lug, om U te loof. Ons is so dankbaar hiervoor, om te weet dat die Heilige Gees naby is. Seën, Here. Seën hulle wat gewag het, die vaders en moeders, die geliefdes, die mans, die dogters, die—die moeders, en wat nog. Ek bid dat U hulle almal sal seën.

173 En nou, Vader, bid ek dat U ons sal rus gee vanmiddag. En help my soos ek in daardie onderskeidingsry ingaan vanmiddag en vanaand, dat die Heilige Gees sal . . . Na ons hierdie dinge gedoen het, mag dit die grootste oorwinning wees wat ons ooit gehad het in die tabernakel, vanaand. Mag daar onuitspreeklike krag wees, hier in die tabernakel, om al die siekes en beproefdes te genees. Skenk dit, Here.

174 Ons bid en wy onsself toe. En ek staan hier in hierdie, hierdie watergraf vanmôre, ek wy weer myself toe aan U, Here. O God, as daar enigiets in my is wat U kan gebruik, neem dit. Broer Neville, en ons almal saam, as predikers, of diakens, as medewerkers in die Evangelie, wy ons onsself toe aan U, O God. Gebruik ons, Here. Gee vir ons 'n nuwe opstanding in ons hart, deur ondervinding. Stuur ons uit, gesalf met die Heilige Gees, dat ons die werk van die lewende God kan doen. Ons vra dit in Jesus' Naam. Amen.

Diens is joune, Broer Neville.

*Waterdoop* AFR59-0329M
(Water Baptism)
Die Paasboodskap reeks

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Paassondagoggend, 29 Maart 1959, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2020 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:



Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org